2001

INSIG Maart 2001 (Johann Kotze)

"Die volk hang al twintig jaar lank aan Laurika Rauch se lippe. Met haar jongste album, *Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)*, is dit nie anders nie. Ons luister nog almal saam en voel almal saam." … "Laurika Rauch lewer met haar vooraanstaande produksieskool reeds twee dekades lank van die gewildste en debatteerbaar, mooiste liedjies in Afrikaans. En met haar jongste album, *Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)*, bring sy iets hedendaags sonder om opsetlik byderwets of hups te probeer wees."

DIE BURGER Vrydag 9 Februarie 2001 (Mariana Malan)

" Een kunstenaar wat klaarblyklik nie kan verkeerd trap nie, is Laurika Rauch. *Hei, Mevrou Brown (dit gaan goed)*, is haar jongste album. Daar is nie een snit wat ooglopend gewilder as die ander gaan wees nie. Sy hou die aandag egter dwarsdeur met ongewone verwerkings en liedjies …. "

CJ DIE LOSLIT DJ 26 Januarie 2001

"Laurika Rauch doen dit weer ! Sy skep musiek waarop Afrikaanses, anderstalige Suid-Afrikaners én uitlanders trots kan wees !"

"Wanneer jy na Laurika se vertolkings luister, wonder jy onwillekeurig of dié formidabele kunstenaar die trefwydte en omvang van haar sonderlinge talent besef. Sy het die vermoë om kuns te skep wat purityne en ons gewone liefhebbers van musiek aangryp, begeester en met verwondering laat luister."

Oor *Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)*: "Die titelsnit, hoewel opgeruimd, is patos, in 'n glimlag omvou. Min sangers kan 'n plekliedjie sing en dit bò dorppatriotisme verhef. Laurika kàn, soos sy op *'n Sonneblom uit Bethlehem* wys."

TIME OUT February - March 2001 (Derick van der Walt)

"From the original title to the final sounds on the last track, this CD sparkles with fresh ideas and new sounds but it still contains enough of the old Laurika to make this a worthwhile buy for old and new fans alike. "

DE KAT April 2001 (Theunis Engelbrecht)

"Laurika Rauch is 'n fenomeen en 'n vrou met fut. Haar nuwe CD *Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)*, verkoop soos soetkoek. En sy blom behoorlik van die kreatiewe energie. "